**Sondag 4 Junie**
**Skrifgedeelte: Genesis 17:1-27**
**Fokusgedeelte: Genesis 17:1, 2, 7, 8**

## God verbind Homself aan Abraham en sy nageslag

God openbaar Homself as die Almagtige. In sy almag verbind Hy Homself aan Abraham en sy nageslag. 24 jaar later bevestig en hernu Hy sy verbond met Abraham. Al lyk die belofte menslik onmoontlik, is niks vir Hom onmoontlik nie. Deur die verbond word Abraham die vader uit wie Christus na die vlees gebore sou word (Rom. 4:11, 12,16-18; Gal. 3:27-29).

Met die wondergeboorte van Isak sou Abraham ’n groot nasie gemaak word. Abraham en Sara se huwelik was egter onvrugbaar. God sou wel op sy tyd lewe uit die doodstoestand wek. ’n Beproewende tyd van hoop en afwagting … ’n tyd van innerlike stryd teen twyfel en kleingeloof, om geduldig op God se tyd te wag.

Toe die beloftes sloer om in vervulling te gaan en Sarai nie ’n kind gekry het nie, het Abram self planne gemaak. Hy het ’n slavin as byvrou geneem. Toe Ismael 13 jaar oud is, het Hy sy belofte aan Abraham bevestig. ’n Jaar later sou Isak gebore word.

God stel die besnydenis as teken van die verbond in. Besnydenis is die teken van toetrede tot die gemeenskap met God. In Christus is die besnydenis vervul. Ismael word nie buite die verbond geplaas nie. Christus sou egter uit Isak gebore word. Nalating van die verbondsteken kom neer op die verwerping van die verbond en is strafbaar voor God.

Ons beplan ons lewenspad, maar die Here bepaal hoe ons loop (Spr. 16:9). Soms is dit moeilik om by sy raadsplan aan te pas. Al raak ons soms haastig of gefrustreerd, lei Hy ons deur sy Woord en Gees om innerlik tevrede te wees; om te aanvaar wat ons nie kan verander nie. Ons weet Hy werk alles ten goede mee.

*Sing: Psalm 105-1:4-6*

*Ds. WP van der Merwe (Willem) (emeritus)*